

# Gereformeerde Kerk Bellville – 18 Oktober 2015 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 22:1 (p. 99)

- 1 My God, my God, waarom verlaat U my, / Terwyl 'k alleen my sware stryd moet stry,  
alleen moet kerm wanneer 'k my lyde ly? / Op al my vrae  
kan ek van U, deur al my lydensdae, / geen antwoord kry; deur donker lydensnagte  
bly ek nie stil; maar daar's geen heil te wagte, / geen woord vir my.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Skrifberyming 5-3:1, 2 (8:1, 2)**

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang  
en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskrif van Gods verborgenhede.  
U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.  
Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het  
en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eindlose ewighede.

**Gebed**

**Skrifberyming 5-2:7, 8 (7:7, 8)**

- 7 En Hy, van aardse goed ontbloot, / was by 'n ryke in sy dood;  
want Hy 't geen onreg ooit gedaan, / geen leu'n het uit sy mond gegaan.  
Dit het die Here self behaag / Hom te verbrysel. Toe sy plaag  
die diepste lydensgrond genaak, / het God sy kneg doodkrank gemaak.
- 8 Het eers sy offerbloed gevloei, / dan sal vir Hom 'n nakroos bloei,  
en eeu-omvattend bring sy hand / Gods werk voorspoediglik tot stand.  
Hy sal, vir al sy sielsverdriet, / sy werk aanskou en vol geniet,  
en deur sy suiwer kennislig / regverdig maak en vryheid stig.

**Skriflesing:** Galasiërs 1:1-24; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, Artikel 2

**Kernvers:** Galasiërs 1:3-4

**Genade vir julle en vrede van God die Vader en onse Here Jesus Christus, wat Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose wêreld, volgens die wil van onse God en Vader. (Galasiërs 1:3-4 AFR53)**

**Dordtse Leerreëls**

**Hoofstuk 2, Artikel 2**

*Ons kan egter self geen voldoening gee en ons van die toorn van God bevry nie. Daarom het God uit oneindige barmhartigheid sy eniggebore Seun as borg aan ons gegee. Die Seun het vir ons of in ons plek sonde en vervloeking aan die kruis geword om vir ons te voldoen.*

**Vooraf**

U sal oplet dat hierdie een van die kortste artikels is wat ons bely en dit nogal oor so 'n belangrike saak soos die verlossingswerk van Jesus Christus aan die kruis. Hierdie artikel is maar 'n samevatting van die groot werk wat Christus gedoen het. In ons Heidelbergse Kategismus bely ons breedvoerig hieroor. Daarom word dit hier nie so uitgebreid gesê nie.

En nog iets: ons bely nie hier hoekom ons nie aan die regverdige eis van God kan voldoen nie. Daaroor bely ons ook in die Kategismus. Maar in die volgende hoofstuk van ons Dordtse Leerreëls gaan ons breedvoerig hierop terugkom.

**Tema:** Christus ons Borg is die enigste Een wat ons kan uitred

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, daar is een kwaal waaraan alle mense van alle ouderdomme ly. Die naam van die kwaal verskil seker van mens tot mens, maar die kwaal bly een en dieselfde. Ek ken dit van kleins af as *selfdoenstormitis*. Die kwaal steek sy kop somer baie vroeg uit by klein mensies – gewoonlik hier by die ouderdom van drie of vier jaar. Sodra 'n kind agterkom dat hy self dingetjies kan doen, wil hy alles self doen. Hy wil self die koppie en piering dra al waarsku pa en ma dat hy nog te klein is. By bejaardes raak hierdie kwaal soms ook akuut. So 'n persoon sukkel om op te staan of by die trappe op of af te klim. Maar bewaar jou as jy wil help. Party van hulle sal jou somer mooi laat verstaan dat hulle nie invalides is nie.

*Selfdoenstormitis* is nie aansteeklik nie, maar dit is beslis oorerflik en kan selfs terminaal raak. As dit eers terminaal is, beteken dit die ondergang. Maar hierdie kwaal kom nie net voor tussen mense teenoor mekaar nie. Die ergste vorm en die dodelikste vorm daarvan is wanneer 'n mens hierdie kwaal teenoor die Here ontwikkel. Daar is geen aardse medikasie vir hierdie kwaal nie. Net die Heilige Gees kan 'n mens van hierdie kwaal oortuig en genees. Net die Heilige Gees kan 'n mens met die Woord van die Here oortuig dat jy in geen posisie is om self aan die regverdige eis van God te kan voldoen nie.

Nou kan jy dadelik vra: Maar waarvan praat jy nou? Ek praat van God se regverdige eis ten opsigte van die sondes wat ons mense teen sy oneindige majesteit begaan. In die vorige artikel van hierdie hoofstuk bely ons dit uitdruklik: God se ***geregtigheid eis dat ons sondes wat teen sy oneindige majesteit begaan is, nie alleen met tydelike nie maar ook met ewige strawwe gestraf moet word***. Elke mens probeer op die een of ander manier aan hierdie regverdige eis van God te voldoen sodat hy van die toorn van God bevry kan word.

Die Jode het verkeerdelik verstaan dat die besnydenis en die offers as voorskrifte gegee is om hulle skuld by die Here af te werk. Jy moet eers van jou kant af iets doen, dan sal die Here van sy kant af iets doen sodat jy van die sondes bevry kan wees en die ewige lewe ontvang. Die Roomse Kerk huldig die gedagte dat Christus darem al 'n groot deel gedoen het om die mens van sy sondes te verlos, maar die mens moenie verwag dat Christus alles moet doen nie. Daarom leer die Roomse Kerk dat jy by Christus se offer aan die kruis ook nog moet deelneem aan die Roomse mis waar Christus telkemale bloedloos weer geoffer word, en jy moet jou daarop toespits om goeie werke ook te doen. Eers wanneer jy dan van jou kant af alles gedoen het, kan jy seker wees dat jy van die toorn van God bevry is.

Maar let op hoe begin ons in hierdie artikel bely: ***Ons kan egter self geen voldoening gee en ons van die toorn van God bevry nie***. Ons kan nie met 'n voorbeeldige lewe, offers, geld, of waaraan 'n mens ook al kan dink, aan die regverdige eis van God voldoen nie. Ons moet egter baie goed luister. Die straf op die sonde is nie net 'n tydelike straf nie. God se majesteit is so oneindig groot dat elke liewe sonde wat teen Hom gepleeg word ook met die ewige dood gestraf moet word.

Indien die mens die ewige dood as straf ondergaan, beteken dit dat hy nooit ophou om die straf te dra nie. Die woord *ewig* sê reeds dat die mens nie self by die punt sal kom om te

sê dit is volbring – die straf is nou uitgedien – nie. Daarom is dit onmoontlik vir die mens om vir sy eie sonde die ewige straf te dra en so aan die geregtigheid van God te voldoen. Na die liggaamlike dood en na die laaste oordeel is daar vir die mens geen omkeer terug na die genade en barmhartigheid van die Here nie. As 'n mens eers self aan die regverdige eis van God wil voldoen, sal hy daarmee vir ewig moet aanhou.

***Daarom het God uit oneindige barmhartigheid sy eniggebore Seun as borg aan ons gegee. Die Seun het vir ons of in ons plek sonde en vervloeking aan die kruis geword om vir ons te voldoen.***

Dit is presies wat die Heilige Gees in ons kernverse aan ons verkondig. Die woorde **genade vir julle en vrede** is die groetwoorde waarmee Paulus al sy briewe aan die gelowiges begin. Maar hierdie woorde is nie so betekenisloos soos ons groetwoorde *hallo* en *hoe gaan dit* nie. Die twee woorde **genade** en **vrede** is inderwaarheid die opsomming van die evangelie van verlossing wat Paulus verkondig.

Genade is die werk wat God alleen doen en geen mens sit hand by om Hom daarmee te help nie. Genade is om aan mense heeltemal die teenoorgestelde te gee van wat hulle eintlik verdien. Uit oneindige genade gee God sy enigste Seun, die Seun wat Hy liefhet, Jesus Christus, as Borg vir mense. Ons sal terugkom na die woord *Borg*. Let net eers op wat die resultaat van God se genadewerk in Christus is – Vrede. God bewys genade aan die mens, en die gevolg is dat daar tussen God en die mens vrede kom, want Christus het as Borg die skuld met sy kosbare bloed betaal.

'n Verdere gevolg van God se genade is dat daar ook vrede tussen mense onderling en vrede binne-in die mens self kom. Omdat gelowiges reeds die genade van vergifnis by God in Christus kry en die salige vrede mag hê, is hulle ook bereid om mekaar te vergewe en die vrede tussen hulle te beleef. En wanneer 'n gelowige deur die Heilige Gees oortuig is dat Christus inderdaad met sy offer aan die kruis al sy sondeskuld betaal het, het hy ook vrede in homself. Daar is nie meer by hom 'n gewonder of selfs 'n angstigheid of hy genoeg gedoen het nie. Christus het alles klaar gedoen. Daarom kan die gelowige sy hele lewe daaraan wy om God met hart, siel, verstand en al sy kragte lief te hê.

In dieselfde asem waarmee hy **genade** en **vrede** gesê het, kom Paulus by die historiese moment uit waarin God sy genade ten toon gestel het waaruit die vrede as resultaat voortkom. Genade en vrede vind hulle oorsprong by God die Vader en ons Here Jesus Christus **wat Homself gegee het vir ons sondes**. Paulus het reeds in vers 1 melding gemaak van die opstanding van Christus uit die dood. Hy het die opstanding van Christus eerste genoem – om twee redes. In die konteks van hierdie hoofstuk is Paulus se apostelskap afhanklik van Christus se opstanding uit die dood. Iemand kan net 'n apostel wees, as hy die opgestane Jesus Christus gesien het. En die tweede rede: Die opstanding van Jesus Christus gee inhoud aan die prediking van die apostels en aan die geloof van die Christene. As Christus nie uit die dood opgestaan het nie, is ons geloof in Hom tevergeefs, want dan is die verlossing deur Hom nie afgehandel nie (1 Kor 15:12-19).

Wat Christus se sterwe aan die kruis betref, is daar drie dinge wat ons in vers 4 moet raaksien. Op die eerste van die drie sake let ons kortliks, want dit kom weer in die vierde artikel van hierdie hoofstuk van ons Dordtse Leerreëls aan die orde. Ten eerste, Christus het Homself aan die kruisdood oorgegee vir ons sondes. Jesus het nie 'n martelaarsdood gesterf nie. Sy dood was ook nie maar net die ongelukkige sameloop van omstandighede of as gevolg van politieke onrus nie. Jesus het Homself gegee om te sterf vir die sondes van mense. Jesus sê dit self:

**Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.** (Johannes 10:17-18 AFR53)

Jesus Christus se dood was dus nie in die eerste plek 'n bewys van liefde nie, ook nie 'n voorbeeld van 'n heldedaad nie. Dit was 'n offer vir die sondes wat deur die Vader geëis is. Die straf op die sonde is die dood. Alle mense is hierdie dood skuldig, want alle mense is sondaars. Jesus Christus het sy lewe as sondeoffer gegee sodat mense se sondes vergewe kan word en hulle weer in genade aangeneem kan word. Jesus het in ons plek sonde en vervloeking geword aan die kruis. Christus het Homself so met die sondes van die uitverkorenes vereenselwig dat Hy as't ware sonde geword het (2 Kor 5:21) op wie God se hele toorn afgekom het aan die kruis. En as iemand wat sonde geword het, is Hy deur die Vader as 'n vervloekte behandel (Gal 3:13).

Dat Christus in ons plek sonde en vervloeking aan die kruis geword het, bring ons by die woord *Borg* uit. Wanneer 'n student 'n lening by 'n bank wil hê, moet iemand borg teken vir hom. Sou dit dan gebeur dat die student in gebreke bly om die lening terug te betaal, sal die een wat borg geteken het die lening moet terugbetaal.

Daar is geen manier dat ons mense self ons sondeskuld kan betaal deur die ewige straf te ondergaan nie. Daarom gee God sy eniggebore Seun as Borg aan ons. Ons sondaars moes voor die regterstoel van God gestaan het en ons moes tot die ewige dood veroordeel word. Maar nou het Christus presies in ons plek voor sy Vader se regterstoel gestaan en is Hy in ons plek tot die ewige dood veroordeel. En as Borg voldoen Hy honderd persent aan die regverdige eis van God. Hy ly die verskriklike straf van Godverlatenheid en kan aan die einde van die drie ure duisternis sê: Dit is volbring! Die straf is ten volle gedra.

Wat was Christus se doel toe Hy Homself vir ons sondes gegee het? Christus het Homself aan die kruisdood oorgegee, **sodat Hy ons kan uitred**. Dit is die tweede saak wat ons moet raaksien, sodat ons van hierdie kwaal om self by te dra tot ons verlossing genees kan word.

Paulus gebruik die woord wat ons vertaal met *uitred*. Die woord word net agt keer in die hele Nuwe Testament gebruik. Maar dit is veral in Handelingte waar dieselfde woord gebruik word wat vir ons die bedoeling hier in Galasiërs duidelik maak. Wanneer Stefanus voor die Joodse Raad preek, sê hy dat God vir Israel uit Egipte *uitgered* het (Hand 7:34). Nadat Petrus deur 'n engel uit die gevangenis van Herodes uitgelei is, besef hy dat die Here hom uit die hand van Herodes *uitgered* het (Hand 12:11). In Handelingte 23 skryf Lukas hoe die Romeinse hoofman vir Paulus uit die hande van die verwoede Jode *uitgered* het (Hand 23:27).

By elkeen van hierdie drie episodes waar die woord *uitred* gebruik word, sien ons dat die een wat uitgered word geheel en al hulpeloos is en niks self kan doen om van die gevaar los te kom nie. Israel was in Egipte slawe van die farao. Daar was nie 'n manier dat hulle net hulle gereedskap kon neersit en sê: Nou gaan ons weg uit Egipte nie. Farao sou net opdrag gee om 'n klompie van die Israëliete dood te maak en dan was die hele gedagte om vry uit Egipte uit te loop daarmee heen.

Petrus het in die tronk geen kans gehad om homself uit die tronk te bevry nie. Afsien daarvan dat Petrus met hand- en voetboei geboei was, was die tronk se deur gesluit en

was daar vier afdelings van vier soldate elk wat wag gestaan het. Petrus sou op geen manier self vry uit die tronk uit kon kom nie.

En wat Paulus betref. Die tyd wat hy in Jerusalem was, was na sy derde sendingreis en na al die ontberings wat hy al in sy lewe gely het vir Christus. Liggaamlik sou hy al verswak gewees het weens die ontberings sowel as sy ouderdom. As die Romeinse hoofman hom nie uit die hande van die verwoede Jode uitgered het nie, was hy dood.

Wanneer die Heilige Gees dan die woord *uitred* hier in Galasiërs gebruik, beklemtoon Hy dat die mens totaal hulpeloos is wanneer dit kom by die verlossing uit die mag van die sonde en die heerskappy van die Satan. Net Jesus Christus alleen kan as Borg hierdie uitredding bewerkstellig. Net Jesus Christus kan aan die regverdige eis van die Vader voldoen. Hy sterf die dood wat die sondaar verdien in die sondaar se plek.

Christus se dood red ons uit die teenwoordige bese wêreld. Daarmee is die bedoeling nie om ons uit die wêreld weg te neem nie. Inteendeel, ons moet in die wêreld bly om sout en lig hier te wees (Matt 5:13-16). Jesus het immers ook gebid dat God ons in die wêreld moet bewaar en nie daaruit wegneem nie (Joh 17:15-16).

Die teenwoordige wêreld is boos as gevolg van die heerskappy wat die duiwel hier voer. Van die sondeval af het die wêreld in 'n selfvernietigende spiraal verval wat alles en almal wil aftrek tot in die dieptes van die duisternis. Uit hierdie ondergang – hierdie teenwoordige bese wêreld – het Christus ons uitgere, sodat ons nou reeds vanuit die krag van opstanding die nuwe lewe van die toekomstige wêreld kan lewe.

Nadat die rede en doel van Christus se dood genoem is, noem Paulus waar die oorsprong van Christus se dood geleë is. En dit is die derde saak wat ons hier moet raaksien. Dit was God se wil om sy Seun as Borg aan ons te gee. Christus se dood is volgens die wil van God die Vader. Nog voor die skepping van die wêreld het God sy Seun bestem as Borg en Verlosser van sy uitverkorenes. So wil God Homself van die begin af verheerlik. Hy gee sy Seun as Verlosser, want net sy Seun kan voldoen aan die reg wat Hy handhaaf. Net Christus kan die dood sterf wat sondaars eintlik verdien en hulle deur sy dood van die ewige verdoemenis verlos en nuut en heilig maak.

Sodoende toon God dat Hy in die hoogste mate regverdig is en bly. Hy laat die sonde geensins ongestraf bly nie maar straf dit regverdig aan sy Seun. En Hy toon dat Hy in die hoogste mate barmhartig is. Hy gee sy Seun as Borg om die regverdige straf te ondergaan. Wanneer ons dit so begin raaksien, geliefdes, kan ons nie anders nie as om God lief te hê omdat Hy gelyktydig in die hoogste mate regverdig en barmhartig is.

## **Amen!**

### Slotgebed

Skrifberyming 5-4:1, 2, 6 (10:1, 2, 6)

- 1 Wie kan ons voor die regter daag? / Gods uitverkore kind verklaag?  
Waar is die mond wat durf verdoem / as God sy kind regverdig noem?
- 2 Dis Christus wat die skuld wou dra, / die dood vir ons gesterf het, ja,  
wat, opgewek, in glorie sit / en altyddeur vir ons wil bid.
- 6 geen skepsel in die skepping wyd, / geen ding in tyd of ewigheid –  
niks kan ons van Gods liefde skei / wat ewig-vas in Christus bly.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
18 Oktober 2015